# OFFICIAL GAZETTE
## EXTRAORDINARY
## OF SOUTH WEST AFRICA
## BUITENGEWONE
# OFFISIËLE KOERANT
## VAN SUIDWES-AFRIKA

PUBLISHED BY AUTHORITY — UITGAWE OP GESAG

10c — Monday 9 May 1977 — WINDHOEK — Maandag 9 Mei 1977 — No. 3619


CONTENTS


*Page/Bladsy*

**DRAFT ORDINANCE:**

Municipal Amendment Draft Ordinance, 1977 — 2


INHOUD


*Page/Bladsy*

**ONTWERPORDONNANSIE:**

Munisipale Wysigingsontwerpordonnansie, 1977 — 3


## DRAFT ORDINANCE

The following Draft Ordinance is published for general information.

H. P. F. GOUS,
*Secretary for South West Africa.*

Administrator's Office,
Windhoek.

## ONTWERPORDONNANSIE

Die volgende Ontwerpordonnansie word vir algemene inligting gepubliseer.

H. P. F. GOUS,
*Sekretaris van Suidwes-Afrika.*

Kantoor van die Administrateur,
Windhoek.

GENERAL EXPLANATORY NOTE:

________ Words underlined with a solid line indicate insertions proposd.

[ ] Words in bold type in square brackets indicate omissions proposed.

# DRAFT ORDINANCE

To amend the Municipal Ordinance, 1963, so as to provide that the services of any employee may be terminated on three months' notice; that no person shall by prescription acquire any land, or rights in respect of land, if the dominium in such land is vested in an existing municipality, or held in trust for a future municipality; that street lines shall no longer be determined by regulation; that buildings encroaching upon street lines shall be dealt with in the same way as other structures; that a council or any person employed by or acting for such council shall not be liable for any damage arising out of the removal of any obstruction from a natural water course; that tenders shall not be called for before entering into a contract for the catering at any public or social function offered by a council; to further regulate the incurring of expenditure with regard to subscriptions to any municipal or other association or organisation; to effect an amendment in the authorisation of municipalities to make regulations in relation to the type of walls to be erected on the boundaries of residential premises and the distribution of the cost of erection and maintenance of such walls; and to provide for incidental matters.

BE IT ORDAINED by the Legislative Assembly for the Territory of South West Africa, as follows:—

Amendment of section 148 of Ordinance 13 of 1963, as amended by section 3 of Ordinance 5 of 1964, section 3 of Ordinance 17 of 1970, section 1 of Ordinance 7 of 1971 and sections 1 and 5 of Ordinance 15 of 1972.

1. Section 148 of the Municipal Ordinance, 1963 (Ordinance 13 of 1963) – hereinafter referred to as the principal Ordinance – is hereby amended –

(a) by the substitution for subsection (3) of the following subsection:

"(3) Subject to the provisions of this section and of the staff regulations of the council and the rules of or any regulations made in terms of subsection (4) of section *two hundred and thirty-nine* relating to any pension or provident fund governing the terms of employment in the municipality concerned, the council may, with the prior approval of the Executive Committee and of any other authority in accordance with the provisions of any other law governing the appointment of employees, terminate the services of the town clerk **[or any head of a department]** and any employee in receipt of remuneration equal to or higher than the remuneration of any head of a department with the same

ALGEMENE VERDUIDELIKENDE NOTA:

________ Woorde met 'n volstreep daaronder dui aan invoegings voorgestel.

[ ] Woorde in vet druk tussen vierkantige hake dui aan skrappings voorgestel.

# ONTWERPORDONNANSIE

Tot wysiging van die Munisipale Ordonnansie 1963, ten einde daarvoor voorsiening te maak dat enige werknemer se dienste met drie maande kennisgewing beëindig kan word; dat niemand deur verjaring enige grond, of regte ten opsigte van grond kan verkry nie indien die eiendomsreg op sodanige grond by 'n bestaande munisipaliteit berus of vir 'n toekomstige munisipaliteit in trust gehou word; dat straatgrense nie meer by regulasie bepaal moet word nie; dat geboue wat straatgrense oorskry op dieselfde wyse behandel word as ander strukture; dat 'n raad of iemand wat in sy diens is of namens hom optree nie aanspreeklik is nie vir enige skade wat mag ontstaan by die verwydering van enige versperring uit 'n natuurlike waterloop; dat tenders nie aangevra moet word nie by die aangaan van kontrakte vir spyseniering vir openbare of sosiale funksies deur rade aangebied; om die aangaan van uitgawes in verband met ledegelde aan munisipale of ander verenigings of organisasies verder te reël; om wysigings aan te bring ten opsigte van die magtiging aan rade om regulasies te maak betreffende die tipe mure wat op die grense van woonpersele opgerig word en die verdeling van die koste verbonde aan die oprigting en instandhouding van sodanige mure; en om voorsiening te maak vir bykomstige aangeleenthede.

Die Wetgewende Vergadering van die Gebied Suidwes-Afrika VERORDEN SOOS VOLG:–

Wysiging van artikel 148 van Ordonnansie 13 van 1963, soos gewysig deur artikel 3 van Ordonnansie 5 van 1964, artikel 3 van Ordonnansie 17 van 1970, artikel 1 van Ordonnansie 7 van 1971 en artikels 1 en 5 van Ordonnansie 15 van 1972.

1. Artikel 148 van die Munisipale Ordonnansie 1963 (Ordonnansie 13 van 1963) – hieronder die Hoofordonnansie genoem – word hierby gewysig –

(a) deur subartikel (3) deur die volgende subartikel te vervang:

"(3) Behoudens die bepalings van hierdie artikel en van die raad se personeelregulasies en die reëls of enige regulasies gemaak ingevolge subartikel (4) van artikel *tweehonderd negen-en-dertig* betreffende enige pensioen- of voorsorgsfonds wat die diensvoorwaardes in die betrokke munisipaliteit beheer, kan die raad, met die voorafgaande goedkeuring van die Uitvoerende Komitee en van enige ander owerheid ooreenkomstig die bepalings van enige ander wet wat die aanstelling van werknemers beheer die dienste van die stadsklerk **[of enige hoof van 'n departement]** en enige werknemer wat in ontvangs is van besoldiging gelyk aan of hoër as die

council or reduce their emoluments, and the Management Committee may terminate the services of any other employee of the council: Provided that where a sub-committee, town clerk or head of a department has, in terms of paragraph (b) of subsection (1) been delegated the power to make an appointment, the power to terminate such appointment shall vest in such sub-committee, town clerk or head of a department.";

(b) by the substitution for subsection (4) of the following subsection:

"(4) Notwithstanding anything to the contrary provided in this section, or in any other law, **[the council shall not remove the town clerk and any employee in receipt of remuneration equal to or higher than the remuneration of any head of a department with the same council from their posts or reduce their emoluments without the prior approval of the Executive Committee and of any other authority in accordance with the provisions of any other law governing the appointment of employees.]** the council may, subject to the prior approval of the Executive Committee, terminate the services of any employee on three months' written notice.".

Insertion of section 174A in Ordinance 13 of 1963.

2. The following section is hereby inserted in the principal Ordinance after section 174:

"Prohibition on acquisition by prescription of land or rights in respect of land.

174A. Notwithstanding anything to the contrary contained in any law, no person shall acquire by prescription any land or any rights in respect of land, the dominium of which vests in a municipality or is held in trust for a municipality which may possibly be constituted.".

Amendment of section 185 of Ordinance 13 of 1963.

3. (1) Section 185 of the principal Ordinance is hereby amended —

(a) by the deletion of subsection (1);

(b) by the substitution for subsection (2) of the following subsection:

"(2) No building or other structure or fence shall be so erected or placed as to encroach upon the street line of any street **[as defined by regulation]**, nor shall any alteration of any existing building or other structure or of any fence be so carried out as to encroach upon any such street line. Any person who contravenes the provisions of this subsection shall be guilty of an offence.";

besoldiging van enige hoof van 'n departement by dieselfde raad beëindig, of hul besoldiging verminder en kan die bestuurskomitee die dienste van enige ander werknemer van die raad beëindig: Met dien verstande dat waar die bevoegdheid om 'n aanstelling te doen ingevolge paragraaf (b) van subartikel (1) aan 'n subkomitee, stadsklerk of hoof van 'n departement oorgedra is, die bevoegdheid om sodanige aanstelling te beëindig by sodanige subkomitee, stadsklerk of hoof van 'n departement berus.";

(b) deur subartikel (4) deur die volgende subartikel te vervang:

"(4) Ondanks enige andersluidende bepalings in hierdie artikel, of enige ander wet, **[mag die raad nie die stadsklerk en enige werknemer wat in ontvangs is van besoldiging gelyk aan of hoër as die besoldiging van enige hoof van 'n departement by dieselfde raad uit hul betrekkings verwyder of hul besoldiging verminder sonder die voorafgaande goedkeuring van die Uitvoerende Komitee en van enige ander owerheid ooreenkomstig die bepalings van enige ander wet wat die aanstelling van werknemers beheer nie,]** kan die raad, onderhewig aan die voorafgaande goedkeuring van die Uitvoerende Komitee, enige werknemer se dienste beëindig met drie maande skriftelike kennisgewing.".

Invoeging van artikel 174A in Ordonnansie 13 van 1963.

2. Die volgende artikel word hierby in die Hoofordonnansie na artikel 174 ingevoeg:

"Verbod op verkryging deur verjaring van grond of regte ten opsigte van grond.

174A. Ondanks enige andersluidende bepalings in enige wet verkry niemand deur verjaring enige grond, of enige regte ten opsigte van grond, waarvan die eiendomsreg by 'n munisipaliteit berus of vir 'n munisipaliteit wat moontlik ingestel kan word in trust gehou word nie.".

Wysiging van artikel 185 van Ordonnansie 13 van 1963.

3. (1) Artikel 185 van die Hoofordonnansie word hierby gewysig —

(a) deur subartikel (1) te skrap;

(b) deur subartikel (2) deur die volgende subartikel te vervang:

"(2) Geen gebou of ander struktuur of heining mag so opgerig of aangebring word dat dit die straatgrens van enige straat **[soos by regulasie bepaal,]** oorskry nie, nòg mag enige verandering aan 'n bestaande gebou of ander struktuur of aan 'n heining so uitgevoer word dat dit enige sodanige straatgrens oorskry nie. Elkeen wat die bepalings van hierdie subartikel oortree, is skuldig aan 'n misdryf.";

(c) by the substitution for subsection (4) of the following subsection:

"(4) The council may give notice to the owner of any property to remove any building thereon or any portion thereof, or any gate or fence or other obstruction or projection erected or placed, which encroaches on the street line **[as defined by regulation]**, and such owner shall, within fourteen days after the service of such notice upon him, remove the encroachment in such manner as shall have been directed by the council and in default thereof the council may remove such encroachment and recover the expense of such removal from the owner so making default: Provided that, where any encroachment was erected or placed by the occupier of the property concerned, such occupier shall be liable to the owner of such property for the expense of removing such encroachment.";

(d) by the deletion of subsection (5);

(e) by the deletion of the words "or (5)" wherever they appear in subsection (6);

(f) by the substitution for subsection (7) of the following subsection:

"(7) Notwithstanding anything hereinbefore contained, the council may authorise or condone in writing the erection by any person of a balcony, verandah, signboard, **[or]** structure or building, beyond the street line **[as defined by regulation]**, and in any such case the council may charge a rental, and annex to its authority any conditions it may think proper and where the council has annexed conditions to its authority as aforesaid, any person failing to fulfil any of such conditions shall be guilty of an offence.".

(2) Subsection (1) shall be deemed to have come into operation on 1 July 1963.

Amendment of section 187 of Ordinance 13 of 1963.

4. Section 187 of the principal Ordinance is hereby amended by the substitution for subsection (2) of the following subsection:

"(2) Neither the council nor any person employed by or acting for the council shall be liable for any damage arising out of or as the inevitable consequence of the proper and ordinary conduct of any of the works established, maintained or carried out under the provisions of this section, section 206 or section 215 whether or not such public sewers, public drains, or natural watercourses pass over private land within the municipal area or land belonging to the State or to the municipality.".

(c) deur subartikel (4) deur die volgende subartikel te vervang:

"(4) Die raad kan die eienaar van enige eiendom kennis gee om enige gebou daarop of deel daarvan of enige hek of heining of ander hindernis of uitstek wat opgerig of aangebring is en wat die straatgrens **[soos by regulasie bepaal,]** oorskry, te verwyder, en sodanige eienaar moet die oorskryding binne veertien dae nadat die kennisgewing aan hom bestel is op die wyse verwyder wat die raad gelas het en by gebrek daaraan kan die raad so 'n oorskryding verwyder en die koste van sodanige verwydering op die aldus versuimende eienaar verhaal: Met dien verstande dat waar die okkupeerder van die betrokke eiendom enige oorskryding opgerig of aangebring het, sodanige okkupeerder teenoor die eienaar van sodanige eiendom vir die koste van die verwydering van sodanige oorskryding aanspreeklik is.";

(d) deur subartikel (5) te skrap;

(e) deur in subartikel (6) die woorde "of (5)" oral waar dit voorkom te skrap;

(f) deur subartikel (7) deur die volgende subartikel te vervang:

"(7) Nieteenstaande enige voorafgaande bepaling hiervan kan die raad die oprigting deur iemand van 'n balkon, veranda, uithangbord, **[of]** struktuur of gebou oor die straatgrens **[soos by regulasie bepaal]** skriftelik magtig of verskoon en in so 'n geval kan die raad huurgeld aanslaan en enige voorwaardes wat hy geskik ag by sy magtiging inlyf en waar die raad voorwaardes soos voormeld by sy magtiging ingelyf het, is elkeen wat versuim om enige van daardie voorwaardes na te kom aan 'n misdryf skuldig.".

(2) Subartikel (1) word geag op 1 Julie 1963 in werking te getree het.

4. Artikel 187 van die Hoofordonnansie word hierby gewysig deur subartikel (2) deur die volgende subartikel te vervang:

Wysiging van artikel 187 van Ordonnansie 13 van 1963.

"(2) Nòg die raad, nòg iemand wat in die raad se diens is of namens hom optree, is aanspreeklik vir enige skade wat ontstaan uit, of as onvermydelike gevolg van, die behoorlike en gewone bestuur van enige van die werke wat ingevolge die bepalings van hierdie artikel, artikel 206, of artikel 215 ingerig, in stand gehou of uitgevoer word, ongeag of sodanige openbare riole, openbare dreineergeleidings of natuurlike waterlope oor private grond binne die munisipale gebied loop of oor grond wat aan die Staat of aan die munisipaliteit behoort of nie.".

Amendment of section 225 of Ordinance 13 of 1963, as amended by section 9 of Ordinance 29 of 1965 and section 5 of Ordinance 9 of 1973.

5. Section 225 of the principal Ordinance is hereby amended by the insertion after paragraph (d) of subsection (3) of the following paragraph:

"(e) any contract for the catering at any public or social function offered by the council.".

Amendment of section 241 of Ordinance 13 of 1963, as amended by section 10 of Ordinance 29 of 1965, section 7 of Ordinance 17 of 1970, section 1 of Ordinance 15 of 1972, section 6 of Ordinance 9 of 1974 and section 11 of Ordinance 8 of 1976.

6. Section 241 of the principal Ordinance is hereby amended by the substitution for subparagraph (iv) of paragraph (c) of subsection (1) of the following subparagraph:

"(iv) any subscriptions to any municipal or other association [;] , organisation or body, membership of which the council considers necessary and desirable.".

Amendment of section 242 of Ordinance 13 of 1963, as amended by section 18 of Ordinance 13 of 1967, section 4 of Ordinance 37 of 1967, section 7 of Ordinance 7 of 1971, sections 1 and 7 of Ordinance 15 of 1972 and section 12 of Ordinance 8 of 1976.

7. Section 242 of the principal Ordinance is hereby amended by the substitution for subsection (41) of the following subsection:

"(41)(i) the compulsory enclosing of residential premises with **[solid]** boundary walls, and the maintenance of such walls and existing boundary walls;

(ii) regulating and prescribing the location, nature, height, method of construction and the trimming of such boundary walls; and

(iii) regulating and prescribing the distribution between the owners of adjoining premises of the cost of erection and maintenance of mutual **[solid]** boundary walls; and".

Short title.

8. This Ordinance shall be called the Municipal Amendment Ordinance, 1977.

5. Artikel 225 van die Hoofordonnansie word hierby gewysig deur na paragraaf (d) van subartikel (3) die volgende paragraaf in te voeg:

Wysiging van artikel 225 van Ordonnansie 13 van 1963, soos gewysig deur artikel 9 van Ordonnansie 29 van 1965 en artikel 5 van Ordonnansie 9 van 1973.

"(e) enige kontrak vir die spyseniering by enige openbare of sosiale funksie wat die raad aanbied.".

6. Artikel 241 van die Hoofordonnansie word hierby gewysig deur subparagraaf (iv) van paragraaf (c) van subartikel (1) deur die volgende subparagraaf te vervang:

Wysiging van artikel 241 van Ordonnansie 13 van 1963, soos gewysig deur artikel 10 van Ordonnansie 29 van 1965, artikel 7 van Ordonnansie 17 van 1970, artikel 1 van Ordonnansie 15 van 1972, artikel 6 van Ordonnansie 9 van 1974 en artikel 11 van Ordonnansie 8 van 1976.

"(iv) ledegelde aan munisipale of ander verenigings **[;]** , organisasies of liggame waarvan die raad lidmaatskap noodsaaklik en wenslik ag.".

7. Artikel 242 van die Hoofordonnansie word hierby gewysig deur subartikel (41) deur die volgende subartikel te vervang:

Wysiging van artikel 242 van Ordonnansie 13 van 1963, soos gewysig deur artikel 18 van Ordonnansie 13 van 1967, artikel 4 van Ordonnansie 37 van 1967, artikel 7 van Ordonnansie 7 van 1971, artikels 1 en 7 van Ordonnansie 15 van 1972 en artikel 12 van Ordonnansie 8 van 1976.

"(41)(i) die verpligte omheining van woonpersele met **[soliede]** grensmure, en die instandhouding van sodanige mure en bestaande grensmure;

(ii) die reëling en voorskrywing van die plasing, aard, hoogte, metode van konstruksie en die afwerking van sodanige grensmure; en

(iii) die reëling en voorskrywing van die verdeling tussen die eienaars van aangrensende persele van die koste van oprigting en instandhouding van gemeenskaplike **[soliede]** grensmure; en".

8. Hierdie Ordonnansie heet die Munisipale Wysigingsordonnansie, 1977.

Kort titel.

5. Artikel 225 van die Hoofordonnansie ord hierby gewysig deur na paragraaf (d) van subar- el (3) die volgende paragraaf in te voeg:

"(e) enige kontrak vir die spysenierings by e e openbare of sosiale funksie wat die raad aanbi ."

Wysiging van artikel 225 van Ordonnansie 15 van 1965 soos gewysig deur artikel van Ordonnansie 2 van 1968 en artikel van Ordonnansie 9 van 1973.

6. Artikel 241 van die Hoofordonnansie ord hierby gewysig deur subparagraaf (iv) van paragraaf ( van subartikel (1) deur die volgende subparagraaf te v vang:

"(iv) ledegelde aan munisipale of ander ver nigings [il], organisasies of liggame waarvan die ad lidmaatskap noodsaaklik en wenslik ag.".

Wysiging van artikel 241 van Ordonnansie 15 van 1965, soos gewysig deur artikel van Ordonnansie 2 van 1968, artikel van Ordonnansie 17 van 1970, artikel van Ordonnansie 15 van 1972, artikel van Ordonnansie 5 van 19 en artikel 11 van Ordonnansie van 1976.

7. Artikel 242 van die Hoofordonnansie ord hierby gewysig deur subartikel (41) deur die volgende ubartikel te vervang:

"(41)(i) die verpligte omheining van wo persele met [soliede] grensmure, en die instandi uding van sodanige mure en bestaande grensmure;

(ii) die reëling en voorskrywing van die plasing, aard, hoogte, metode van konstruksie en e afwerking van sodanige grensmure; en

(iii) die reëling en voorskrywing van ie verdeling tussen die eienaars van aangrensende pe sele van die koste van oprigting en instandhouding an gemeenskaplike [soliede] grensmure; en".

Wysiging van artikel 242 van Ordonnansie 15 van 1965, soos gewysig deur artikel van Ordonnansie van 1967, artikel 4 van Ordonnansie 17 van 1967, artikel 7 van Ordonnansie 7 van 1971, artikels van Ordonnansie van 1972 en artikel van Ordonnansie van 1976.

8. Hierdie Ordonnansie heet die Munisipale ysigingsordonnansie, 1977.

Kort titel